Afrikaans Graad 7

VRYDAG 1 MEI 2020

Lees die onderstaande gedeelte sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

ALGEMENE BOEK

## JOU SUPER-WOEF

*Jy dink dalk jy is jou hond se baas, maar moenie dat daai onskuldige gesiggie jou flous nie. As dit kom by reuk, sig en gehoor is jou hond se sintuie baie skerper as joune. Kyk hier hoe werk jou superhond!*

**Om beter te kan sien, my kind**

1. Jy sien dalk nie altyd jou kat in die boom raak nie, maar jou hond se skerp ogies gaan haar dadelik uitken! Honde kan dinge veel beter van 'n afstand raaksien, veral as daai dinge beweeg.

**Super-gehoor**

2. Honde kan vier keer beter as ons hoor. Met meer as 18 spiere in sy ore, kan jou hond se ore in die rigting van 'n interessante geluid draai. Daardie geluid kan enigiets wees van 'n konyn wat 'n gat grawe of 'n motor wat verbyry. 'n Hond kan ook sy binne-oor afsluit om steurende geluide uit te sny, sodat hy daai konyn beter kan hoor.

3. Weet jy hoekom honde vir stofsuiers blaf of weghardloop? Hulle hoor teen 'n hoër frekwensie as ons en hou niks van die skril geluid wat die stofsuier maak nie. As Wagter vir elektriese toestelle blaf, sê hy dus eintlik: "Sit dit af, sit dit af! My ore!"

**Sesde sintuig**

4. Dis nog nie bewys nie, maar sommige mense glo honde kan spoke en ander bonatuurlike dinge sien of aanvoel. Volgende keer as Brakkenjan in draaie begin hardloop, het jy dalk 'n bonatuurlike besoeker. Grillerig...

**Skerp neus**

5. Reuk is 'n hond se beste sintuig. Jou brak se reuksin is tussen 10 000 en 100 000 keer skerper as joune. Jou vuil sokkies of ou kos onder jou bed trek sy aandag lank voor jou ma s'n.

6. En hy ruik nie net die kos nie, maar elke afsonderlike bestanddeel op die bord: die skyfies, olie, sout en vleis en ja, ook die muf wat daarop gegroei het ...

7. So grillerig as wat dit vir jou klink, so lekker ruik en smaak dit vir hond se kind. Sies!



Uit *Huisgenoot*, 7 Julie 2011, bl. 86.

## VRAE

1. Die woord *sê* kom in die subopskrif voor. Skryf die volgende soortname oor en plaas kappies op die regte letter waar nodig: Vlermuis, kerel, kombers, sker.
2. Klankgrepe (hoe ons die woord uitspreek) en lettergrepe verskil.
   **2.1** Dui eers die woord *brakke* se klankgrepe en daarna die lettergrepe aan.
   **2.2** Wat merk jy op oor die klankgrepe en lettergrepe van die woord *afsluit* (paragraaf 2)?
3. Die woord *binne-oor* (paragraaf 2) word met 'n koppelteken geskryf omdat daar 'n opeenhoping van klinkers / vokale is. Om watter rede word 'n koppelteken in die volgende woorde gebruik?
   **3.1** fluit-fluit
   **3.2** asma-aanval.
4. As 'n woord in 'n sin beklemtoon word, kan dit die betekenis van 'n sin verander. 'n Aksentteken word gewoonlik gebruik om 'n woord te beklemtoon, byvoorbeeld:
   Die gesin het net **één** hond gehad.
   Gebruik die aksentteken om die **vetgedrukte** woord te beklemtoon en dui die verskil in betekenis aan.
   **4.1** Honde kan **vier** keer beter as mense hoor.
   **4.2** Honde kan vier keer beter as **mense** hoor.
5. Die woord *hoër* word met 'n deelteken geskryf om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en sit deeltekens op. Nie al die woorde kry deeltekens nie!
   Beinvloed, moeer, dieet, koordineer.
6. In elke woord is daar 'n lettergreep wat die hoofklem dra. Die woord *konyn* (paragraaf 2) se klem is op die laaste lettergreep. Skryf die volgende woorde oor en onderstreep die lettergreep wat beklemtoon word met uitspraak:
   **6.1** geluide (paragraaf 2)
   **6.2** elektriese (paragraaf 3)
   **6.3** bonatuurlike (paragraaf 4).
7. In paragraaf 5 word die woorde *jou ma s'n* gebruik om besitting aan te dui. Let op die spelling van die woord *s'n* (nie *sin* nie). Kies die korrekte woord in die volgende sinne:
   **7.1** Hy maak 'n (sin / s'n) met die woord *hond*.
   **7.2** Die hond is Johan (sin / s'n).

**8.** Gee die korrekte vorm van die woord *muf* (paragraaf 6) in die volgende sin:
Hy het (muf) brood geëet.

**9.** Skryf die betekenisse van die volgende idiome neer.

**9.1** Die hond in die pot vind.

**9.2** Blaffende honde byt nie.

**10.** Vorm 'n abstrakte selfstandige naamwoord van die woord tussen hakies:
Van (opgewonde) het die hond op en af gespring.

**11.** Die woord *Wagter* (paragraaf 3) is 'n eienaam. Gebruik nou die woord *wagter* as 'n soortnaam in 'n sin.

**12.** Skryf die onderstaande stelsin in die verlede tyd:
Jy sien dalk nie altyd jou kat in die boom raak nie.

**13.** Skryf die volgende sinne oor en voorsien van leestekens en hoofletters waar nodig.
die brak se naam is brakkenjan hy eet graag vleis biltong en droëwors.

VRYDAG 1 Mei 2020

Lees die onderstaande gedeelte sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Jou super-woef MEMORANDUM

1. Vlermuis (geen kappie nie)
   kêrel
   kombers (geen kappie nie)
   skêr
2. 2.1 Klankgrepe: bra – ke
   Lettergrepe: brak-ke
   2.2 Die klankgrepe en die lettergrepe is presies dieselfde: af-sluit
3. 3.1 fluit-fluit by ‘n herhalingsamestelling gebruik ons ‘n koppelteken (Onthou dit Graad 7’s! Dis NUWE NUUS!)
   3.2 asma-aanval opeenhoping van klinkers
4. Honde kan viér keer beter as mense hoor.
   Die *vier* wat beklemtoon is, dui die getal aan. Dus vier en nie ses of sewe ens nie.
   Honde kan vier keer beter as ménse hoor.
   Dit beteken honde hoor beter as *mense,* en nie katte of iets anders nie.
5. beïnvloed
   moeër
   dieet (geen deelteken nie)
   koördineer
6. 6.1 geluide
   6.2 elektriese
   6.3 bonatuurlike
7. 7.1 Hy maak ‘n **sin** met die woord hond.
   7.2 Die hond is Johan **s’n**.
8. Hy het **muwwe** brood geëet.
9. 9.1 *Die hond in die pot vind.*
   Hy daag te laat vir ete op, die oorskiet is reeds vir die hond gegee.
   *9.2 Blaffende honde byt nie.*
   Mense wat baie dreig, doen gewoonlik niks.
10. *Van (opgewonde) het die hond op en af gespring.*
    Van **opgewondenheid** het die hond op en af gespring.
11. Die **wagter (s.nw)** pas die skape op.
12. *Jy sien dalk nie altyd jou kat in die boom raak nie.*
    Jy het dalk nie altyd jou kat in die boom raakgesien nie.
13. *die brak se naam is brakkenjan hy eet graag vleis biltong en droëwors*
    Die brak se naam is Brakkenjan. Hy eet graag: vleis, biltong en droë wors.